**Mat 6:9b Jes 6:3** **Laat U Naam geheilig word!** **Dinsdag 11 Aug 2020**

Naas die aanroeping van God: ***"Ons Vader wat in die hemel is!"*** Volg nou die tweede belangrikste saak,, die eerste bede van die Modelgebed: **"Laat U Naam geheilig word!"**
In hierdie bede sit daar **'n negatiewe gedagte** en **'n positiewe gedagte** in opgesluit. Want ons as mense se eie-ek is so op die voorgrond, dat ons moet bid, **dat God se Naam geheilig moet word.** Die negatief is dus ons eie-ek wat gekruisig moet word en ons Hemelse Vader se Naam wat geheilig moet word. Die positief is dat God alleen geëer sal word.

**Die engele** roep uit in **Jes 6:3:** **"Heilig, heilig, heilig,** is die Here die Almagtige! Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid."
**Die vier lewende wesens** sê dag en nag in **Open 4:8** **"Heilig, heilig, heilig** is die Here God, die Almagtige. Hy wat was en wat is en wat kom."

**Hoekom is hierdie eerste bede so belangrik?**

- Dit is die doel en die kenmerk en oogmerk van die hele gebed.
- Die doel is juis dat God se Naam geheilig sal word.
- Al drie die eerste bedes is gerig op die eer van God.

Trouens dit is waaroor die eerste drie bedes handel. Dit handel oor die erkenning, eer en lof wat aan God toegebring word as die Almagtige Verbondsgod. By hierdie bede is dit baie duidelik wat die doel van my lewe is. Dit gaan om die heiliging van die Naam van die Here. Dit gaan oor **Die Groot Gebod:** **Mat 22:37,38** **"En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. 38) Dit is die eerste en groot gebod."**

**Hoekom sê ons "U Naam" en nie "Laat God geheilig word" nie?**

**Wat word bedoel met Naam?** Die woord **Naam,** het nie hier die betekenis wat ons onder mekaar het nie.

- As jou naam bv. André is, dan identifiseer ons 'n sekere persoon met die naam André.

**Wat bedoel word met "Laat U NAAM geheilig word!**

Met die Naam van God, word God self bedoel. Ons bid voortdurend dat God self geheilig moet word. Daarom is die begin van die eerste ses bede in die onse Vader op God gerig.
Onthou die eerste drie bede is gerig op God:

- Laat U Naam geheilige word.
- Laat u koninkryk kom.
- Laat U wil geskied.

Die Skrif leer ons hoe belangrik die Woord Naam is…
Ons lees in **Ps 145:1b, 2,21**
**1b)** *"…ek wil u **Naam** altyd loof."*
**2** *"…ek wil U **Naam** altyd prys."*
**21** *"Ek sal die lof van die Here vekrondig. Laat al wat leef, **sy heilige Naam** vir altyd prys."*

Ons bid nie in die eerste plek vir onsself nie, maar tot die Heiliging van God se Naam.

**<u>Wat word bedoel met Heilig?</u>**

**Nou wat presies bid ons as ons bid: " Laat U Naam geheilig word?"**

- **Kan ons God se Naam heiliger maak as wat Hy is?**
- **Kan ons God heiliger maak as wat Hy is?**

Ons is dan onvolmaak. Ons is sondaars. Hoe kan ons God wat Heilig is Heiliger maak?

**Heilig** beteken dat ons God se Naam sal eer, sal erken, sal bely as die Enigste Lewende Drie-enige Verbondsgod. Ons kan nie God se Naam Heiliger maak as wat Hy reeds is nie.
Ons moet sy Naam eer, respek aandoen deur ons daadwerklike lofprysing en ons woorde en werke.

**<u>Die engele en hemelkore sing van God se heiligheid.</u>**

**<u>Die engele</u>** roep uit in **<u>Jes 6:3:</u>**
**"Heilig, heilig, heilig, is die Here die Almagtige! Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid."**

**<u>Die vier lewende wesens</u>** sê dag en nag in **<u>Open 4:8</u>**
**"Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige. Hy <u>wat was</u> en <u>wat is</u> en <u>wat kom</u>."**

**Heilig hier beteken dat God Volmaak, Volkome, die Skepper van Hemel en aarde is, die Onderhouer daarvan.**
**God is so HEILIG dat ons nooit sy Grootheid en Almag kan begryp of omvat op aarde nie.**

Met die bede: Laat U Naam geheilig word" bid ons dat ons die krag sal kry om God se heiligheid op aarde:

- te verkondig,
- te openbaar
- te bely
- te respekteer
- deur te **<u>ERKEN</u>** wie en wat God is.

As ons bid dat God geheilig moet word, is dit nie 'n morele handeling van ons die mens nie.
Dit is nie ons wat God dan heiliger maak as wat Hy reeds is nie. Maar dit is God wat deur die Heilige Gees, ons daartoe dring, om te erken Wie God is, dat Hy die Skepper is, dat Hy die Onderhouer is en dat Hy alleen die eer moet kry. God alleen moet al die eer en lof en aanbidding kry, want God alleen is dit waardig.

**Amen** (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)

# Mat 6:10-13

Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;

laat u koninkryk kom;

laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;

gee ons vandag ons daaglikse brood;

en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

**Amen.**